Aand van die sterre

Compass Versekering het uitnemendheid onder sy onderskrywingsagente by die jaarlikse "Night of the Stars" toekenningsgeleentheid gevier. Die funksie is by die Theatre on the Track by Kyalami gehou.

Die "Night of the Stars" is sedert 2001 'n glansryke geleentheid op die versekeringsbedryf se kalender, waar Compass se Onderskrywingsbestuurders (OBEs) erkenning kry vir uitmuntende prestasies.

Die wenners is…

Die Compass Toekenning vir Uitnemendheid
Erken die mees verbeterde ratio as dit vergelyk word met die gekombineerde ratio vanaf die tydperk Oktober 2009 tot September 2010, met dié van Oktober 2008 tot September 2009.
Wenner: Woodworking Risk Acceptances

Die Compass Persoonlike Toekenning
Toegeken aan die agentskap wat deur al die Compass personeellede gekies word vir die nakoming van Compass se prosedures en spertye, wat dit 'n plesier maak vir Compass-personeel om met dié agentskap te werk.
Wenner: Motor Acceptances

Die Compass Gemete Toekenning
Erken die konstantste eise oudit-telling gemeet oor die afgelope twee jaar.
Wenner: CIA

Die Compass Kwaliteitstoekenning
Toegeken aan die beste oorhoofse oudit-uitslae vir die tydperk Oktober 2009 tot September 2010, wat tellings vir eise, finansies en onderskrywing-oudit insluit.
Wenner: CIA

Die Compass Intelligensie Toekenning
Toegeken aan agentskappe wat innoverende metodes gebruik het om besigheid te verbeter tot die gesamentlike voordeel van beide die agentskap en Compass.
Wenner: CIA

CIA is vereer vir 'n beduidende belegging in hulle onderskrywingsisteem vir die korporatiewe liggaam se besigheid.

Die Vennootskapstoekenning
Die groot toekenning vir die besturende direkteur van die wen-agentskap vir 'n besoek aan 'n agentskap oorsee om in die beste versekeringspraktyke te deel. Die tweede en derde genomineerdes het ook pryse ontvang. Die kriteria wat vir hierdie toekenning gegeld het, is die agentskap wat die hoogste oorhoofse totale telling gegrond op die gemiddelde puntetotaal op 'n telkaart, waar hierdie telling primêr gedryf is deur winsgewendheid.
Wenner: First Marine Acceptances

Evaluering
Die toekennings is gegrond op die resultate van 'n gemiddelde telkaart, wat op 'n maandelikse grondslag versprei word en wat elke agentskap volgens verskeie kategorieë meet. Die hoogste telling word toegewys aan die agentskap se bydrae tot Compass se minimum vereistes. 'n Totale telling wat bereken is uit bogenoemde, bepaal elke agentskap se posisie in vergelyking met die ander, en hierdie posisie word dan ook aan die agentskap gekommunikeer op die telkaart. Op hierdie wyse weet elke agentskap wat sy relatiewe posisionering in die rangorde is, alhoewel hy nie weet waar die ander Compass agentskappe geplaas is nie.